Maandag

Rom. 1: 16,17; 4: 3 – 5; 5: 1 – 8; 12: 1,2; 9 – 21.Teks Romeine 12: 21 “Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” Tema Ons oorwin die kwaad uit Christus se goedheid vir ons, nie ons eie goedheid nie. Ons gaan in 2023 weer baie kwaad aangedoen word en daardeur weer verliese lei. Hoe leef ons in die kwaad van ‘n heidense wêreld sonder om dit te baklei of daaraan oor te gee? Só! Ons oorwin die kwaad in ‘n heidene wêreld uit Christus se goedheid vir ons. In hoofstuk 1 – 10 in die brief Romeine wys Paulus hoe goed is God vir ons: Hy maak deur Christus ons en ons lewe vir God reg. In hoofstuk 12 tot 15 wys Paulus hoe leef Christene hierdie lewe wat deur Christus vir God reg is: Christene gee niks van hulle self meer as offer vir hulle sondes nie, maar alles van hulle self in diens van God. Christene maak niks van hulleself stukkend of dood as offer vir hul sondes nie, maar leef hul lewe as gawe vir God. (1:17, 12: 1) Paulus het in Romeine 1 tot 10 gewys dat net Christus ons regverdig maak, ons en ons lewe vir God regmaak. Daarom is dit alleen deur ons vertroue in wie Christus is en deur sy lyding en opstanding vir ons doen, dat ons en ons lewe vir God reg is. Christus stel ons in hierdie unieke posisie dat ons ons lewe vir God as reg en goed vir God kan leef.(12:1) Paulus het hierdie inhoud van hoofstuk 1 tot 10 in 1: 16 só begin: “Want daarin (die evangelie) word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskrywe staan: “Die regverdige op grond van geloof sal leef.” Rom. 12 tot 15 is ‘n beskrywing van hoe hierdie nuwe lewe waarin ons en ons liefde vir God reg gemaak is, leef. In 12 verse 3 – 8 beskryf Paulus hierdie nuwe lewe in die geloof binne in die gemeente met medegelowiges. In verse 9 tot 21 beskryf hy hoe Christene hierdie nuwe lewe leef binne ‘n heidense wêreld tussen heidene. Binne die heidense wêreld leef die gemeente die nuwe lewe só: “Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”  Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Rom. 1: 16,17; 4: 3 – 5; 5: 1 – 8; 12: 1,2; 9 – 21.Teks Romeine 12: 21 “Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” Tema Ons oorwin die kwaad uit Christus se goedheid vir ons, nie ons eie goedheid nie. Baie van ons voel innerlik verlam vir hierdie uitdaging “ om kwaad deur goed te oorwin” omdat hulle voel “ons is ook maar sleg en sondig.” Hoe kan mense wat self sondes doen en sondige neigings het, die kwaad deur die goeie oorwin? Eerstens nie deur vyandig te wees teenoor hulle wat ons kwaad aandoen nie. Paulus wys uitdruklik dat ons die nuwe leef deur ons vervolgers te seën en nie te vervloek nie, en vir ons vyande goed te wees. (12: 14, 20) Tweedens ook nie deur hulle kwaad met kwaad te vergeld nie, maar steeds die goeie te bedink vir hulle wat ons kwaad aandoen: “Moet niemand kwaad met kwaad vergeld nie, maar rig julle gedagtes op dit wat goed is vir alle mense.”(12: 17) Derdens nooit deur die reg en oordeel van God en die gemeenskap in ons eie hande te neem nie. Die oordeel is altyd God se oordeel en die openbare reg is altyd die reg van die owerheid. Daarom stel Paulus: . “moet julle nie wreek nie, maar laat ruimte vir die oordeel. (van God) (12: 19) Die geheim om die kwaad van die wêreld met die goeie te oorwin is dat die goedheid waarmee ons die wêreld moet oorwin, is die goedheid wat Christus aan ons bewys, nie ons eie menslike goedheid is nie. Dit het Paulus baie duidelik in Romeine 3: 9 – 20 verduidelik: “daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie, ... Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. (3: 10, 12) Tog is daar altyd in die wêreld altyd twee groepe mense wat voorgee dat hulle uit en deur hulle self goed is en goed doen. Die eerste is die

heidene. Hulle wat liefde veins deur kwaad as liefde te leef. (12:9) Dit is hoe heidene hulle eie slegtheid as goedheid glo. (Rom.1: 18 -32) Die tweede groep is soos die Jode wat glo hulle kan só reg leef en wees dat hulle die leermeesters, voorbeelde, gidse en onderwysers is van hoe om goed te wees. (Rom.2: 17 – 20) Hulle sal jou kamstig leer om uit jou eie goedheid die kwaad te oorwin. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
Rom. 1: 16,17; 4: 3 – 5; 5: 1 – 8; 12: 1,2; 9 – 21.Teks Romeine 12: 21 "Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie." Tema Ons oorwin die kwaad uit Christus se goedheid vir ons, nie ons eie goedheid nie. Die geheim om die kwaad van die wêreld met die goeie te oorwin is dat die goedheid waarmee ons die wêreld moet oorwin, is die goedheid wat Christus aan ons bewys, nie ons eie menslike goedheid is nie. Dit het Paulus baie duidelik in Romeine 3: 9 – 20 verduidelik: "daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie, ... Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. (3: 10, 12) Tog is daar altyd in die wêreld soos Paulus dit aandui altyd twee groepe mense wat voorgee dat hulle uit en deur hulle self goed is en goed doen. Hierdie is tans ook die verskeurende kragte in Suid Afrika. Die eerste is die heidene wat hulle slegtheid as goedheid glo en leef. (Rom.1: 18 -32) Die tweede groep is soos die Jode wat glo hulle kan só reg leef en daarom sal hulle slegte se leermeesters, voorbeelde, gidse en onderwysers is van hoe om goed te wees. (Rom.2: 17 – 20) Hulle glo hulle is bekeerdes wat die slegtes gaan bekeer en hulle geestelike leermeesters word. In die een word kwaad as goed geleef en in die ander word die kwaad geestelik beveg en vernietig, kamstig. Christelike oorwinning oor die kwaad is egter iets totaal anders as om dit of te aanvaar of te vernietig. Dit hoor ons in die helder en duidelike aankondiging van God se goedheid vir sondaars in Christus – die goedheid waardeur ons die kwaad wen. God was en is nie vir ons goed omdat ons goeie mense is nie. God was vir ons goed as goddeloses en is vir ons goed terwyl ons sondig is: "Christus het op die bestemde tyd vir goddeloses gesterf"... en "bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Rom.5: 6, 8) Ons ken God se goedheid vir ons as sondaars! Ons ken God se goedheid vir ons wat sonde doen en tot sonde geneig is en daarom roem ons in sy goedheid vir ons deur innerlik verbind te bly om goed te doen. (Rom. 5: 11) Dit is die goedheid waardeur ons die kwaad wen: God wat vir ons goed bly terwyl ons sondig bly. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Rom. 1: 16,17; 4: 3 – 5; 5: 1 – 8; 12: 1,2; 9 – 21.Teks Romeine 12: 21 "Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie." Tema Ons oorwin die kwaad uit Christus se goedheid vir ons, nie ons eie goedheid nie. Dit is die goedheid waardeur ons die kwaad wen: God wat vir ons goed bly terwyl ons sondig bly. Hoe so? Want hierdie goedheid van God waarin ons leef skep vir ons hierdie unieke posisie binne 'n sondige wêreld: "Ons word nie aan hierdie sondige wêreld gelyk nie, maar verander deur die vernuwing van ons denke, 'n vernuwing waarin ons die goeie, aanneemlike en volmaakte wil van God binne die heidense wêreld waarin ons leef kan onderskei van die drifte en waanbeelde van hierdie wêreld. (12:2) God se goedheid vir ons maak ons mense wat begrip het maar nie solidariteit het nie. Wanneer ons kwaad aangedoen word het ons hierdie stuk begrip – ons doen ook kwaad, ek is ook 'n mens wat sonde doen en sondige neigings het. Maar

omdat ek God se goedheid vir my in my sondigheid ken, kan ek nie solidariteit met jou hê in jou kwaad al het ek begrip daarvoor nie. Ek kan nie solidêr met jou wees in jou kwaad nie: nie daarvan deel voel of daarin deel wees nie. Só laat God ons die kwaad oorwin want Hy is vir my goed in my eie goddelose gevoelens en gedagtes en verbind my so om sy goeie wil te kan onderskei en daaraan verbind te bly binne my eie waanbeelde van goedheid. So kan ek begrip hê vir die kwaad van ander want ek herken dit in myself, maar ek kan nooit daarmee eenvoel of wees, solidêr wees nie. Ek is 'n mens aan wie die hele tyd goedheid bewys word en daarom is my solidariteit met God wat vir my goed is en nie die kwaad wat my aangedoen word nie. My solidariteit is met die goedheid waaraan God se goedheid my verbind. Nie met die kwaad wat my aangedoen word nie. Ek is nie soos hulle wat my kwaad aandoen nie! Ek leef in God se goedheid! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Rom. 1: 16,17; 4: 3 – 5; 5: 1 – 8; 12: 1,2; 9 – 21.Teks Romeine 12: 21 “Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” Tema Ons oorwin die kwaad uit Christus se goedheid vir ons, nie ons eie goedheid nie. Die ander wyse waarop ons nuut dink om God se wil te vind binne 'n heidense wêreld is dat ons begrip het vir al die woede, verontwaardiging, opstand en vyandskap teen die kwaad. Ons wil dit ook nie aanvaar nie en wil hê dat die land moet verander en beter word want ons ken God se goedheid en ons wil ook innerlik aan die goeie verbind wees en dit doen. Ons kan egter nooit solidariteit hê met hulle wat hul deur hul bekerings en spirituele ervarings as die goeie sien wat teen die slegtes in hierdie wêreld gaan veg, baklei, wen en onderwerp aan hulle geestelikheid nie. Dit is die tipiese Joodse en vandag Pinkstergeestelikheid in die wêreld vandag: ons het onsself vir God reggekry en hou ons self vir God reg met ons bekerings en belewenisse en daarom is ons die mense wat die slegtes wat ons kwaad aandoen gaan onderwerp, oorheers, verniel of vernietig as hulle nie tot bekering van en ophou kwaad doen nie. Die valsheid van hierdie geestelike militantheid is dat die Here nie vir ons sê ons moet die wat sleg is wen deur hulle te onderdruk, te onderwerp en te oorheers nie, maar dat ons die kwaad met die goeie moet oorwin. En dit beteken dat ons moet aanhou goed doen teenoor alle mense, ook hulle wat ons kwaad aandoen. Die Here se goedheid laat my ook begrip hê vir die woede, verontwaardiging en veglustigheid teen die kwaad, maar ek kan nooit daarmee een wees, solidêr wees nie. Want my solidariteit is met die goedheid van God wat aan my as sondaar bewys word. Die goedheid wat God ons ons bewys laat ons nuut en anders dink oor die kwaad wat ons aangedoen word en dit vat bevry ons uit die spanning wat ons weer hierdie jaar gaan beleef in die gemeenskap: kom ons veg en baklei teen die kwaad. 'n Geestelike houding van goddelose wat God en die kerk beveg as boos want dit onderdruk sogenaamde menslikheid en 'n geestelike houding waarin mense hulself sien as die goeies wat die bose wêreld beveg en onderwerp met innige geweld. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra
Rom. 1: 16,17; 4: 3 – 5; 5: 1 – 8; 12: 1,2; 9 – 21.Teks Romeine 12: 21 “Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” Tema Ons oorwin die kwaad uit Christus se goedheid vir ons, nie ons eie goedheid nie. Die ironie van die militantheid van goeies wat die bose beveg in ons gemeenskap is dat dit van twee teenoorstaande kante kom. Die een kant is goddeloses wat glo hulle sondes is

hul liefdes en daarom is God, die kerk en gelowiges boos want dit onderdruk ware liefde. Hulle beveg God en godsdiens met hul “ fundamentalisme.” Wie sonde nie as liefde glo nie, is nou kamstig almal fundamentaliste en vyande van menslikheid. Hulle is boos. So preek geestelikes vandag teen liefde en geloof as die boosheid in die wêreld. Dit werk presies ook net so van die teenoorgestelde kant in die gemeenskap! Dan klink dit so! Hulle wat kwaad doen is boos, die Duiwel se kinders! En ons moet die boosheid en die Satan beveg en wen met ons bekerings en herlewings en ons innige spirituele belewenisse. Maar die Woord van God en eis dat ons anders, nuut moet dink! Ons beveg, baklei en vernietig nie die kwaad nie. Ons het begrip vir die woede en verontwaardiging oor die roof, plunder en moord. Ons wil ook die goeie, maar ons kan nie solidêr wees met die wat as die goeies teen die bose kwaaddoeners veg en baklei nie. En dit is hoe ons wen! Net so het ons begrip vir goddeloses se skewe liefdes want ons herken ook hierdie kwaad in onsself, maar ons kan nooit solidariteit hê net hulle goddeloosheid nie. En dit is hoe ons wen! God se goedheid wat Hy aan my as sondaar bewys en in laat leef, hou my vas om nie myself teenoor die goddeloses as hul baas en leermeester te kan verhef nie en hou my ook vas om nie God en sy kerk as boosheid te wil beveg om my eie sondige begeertes te wil regverdig as my liefdes nie. Ons het begrip en is saam kwaad oor die kwaad wat ons aangedoen word, maar kan nie solidêr wees met hulle wat hulself sien as die goeies wat die boosheid gaan beveg en vernietig nie. Want ek is ook sondaar, maar ontvang goedheid van God. Ons staan nie vyandig teenoor God of die wêreld nie want ons ken die goedheid van God vir sondaars. Deur sy goedheid sal ons aanhou goeddoen in ‘n heidense wêreld, met begrip maar sonder solidariteit. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus